# 6 778 kinders wag op pleegsorg

Virginia Keppler

6 778 kinders in Gauteng wag om in pleegsorg geplaas te word.

Van dié kinders wag al langer as 36 maande om uitgeplaas te word.

Me. Ntombi Mekgwe, Gautengse LUR vir gesondheid en maatskaplike ontwikkeling, het so geantwoord op 'n vraag van me. Hendrika Kruger, DA-LPW en -woordvoerder oor maatskaplike ontwikkeling, in die wetgewer. "Sedert die instelling van die Kinderwet op 1 April 2010 het die departement ernstige uitdagings ondervind om kinders in pleegsorg te plaas," het Mekgwe gesê.

Dié uitdagings en probleme word volgens haar veroorsaak deur onder meer die verskillende interpretasies van die Kinderwet en vertragings om geboortesertifikate te bekom.

Hulle hoop om dié sake teen einde Maart 2012 afgehandel te hê.

Kruger het gesê die departement is besig om in absolute chaos te ontaard en dat gesondheid en maatskaplike ontwikkeling nie by mekaar hoort nie omdat gesondheid meer aandag as maatskaplike ontwikkeling kry.



## Brug van geluk

'n Groot skare mense stap oor die Tai Ping-brug in die dorp Jushui, China, vir 'n jaarlikse serenomie waarin ou klere en muntstukke vir geluk en gesondheid van die eeue oue brug afgegooi word.

Foto: REUTERS

## Meer jonges kry vigspille – Lulu

Nie net die regering nie, maar ook die private sektor moet 'n rol speel in die opheffing van kinders, het die minister van vroue, kinders en mense met gestremdhede gesê.

Me. Lulu Xingwana het gister 'n toespraak gelewer by die bekendstelling van 'n verslag oor kinderregte wat deur haar departement, die Menseregtekommissie en die Verenigde Nasies se Kinderfonds saamgestel is.

Gister was die tweede dag van 'n werksessie oor billikheid in die verwesenliking van kinderregte. Luidens die verslag is armoede en MIV/vigs steeds twee van die grootste faktore wat kinderregte beïnvloed.

Volgens Xingwana het die getal kinders jonger as 14 jaar wat antiretrovirale middels ontvang, beduidend vermeerder.

Haar departement en die departement van gesondheid sal saam onder meer die kwessies van ma- en kindersterftes en die voorkoming van die ma-tot-kind-oordrag van MIV/vigs pak.

**– Louise Ferreira**


## OMGEWINGSIMPAKSTUDIEPROSES

**VOORGESTELDE UITBREIDING VAN 'N ASVERWYDERINGSFASILITEIT BY DIE HENDRINA KRAGSTASIE, MPUMALANGA PROVINSIE**

**DEA Verwysingsnommer: 12/12/20/2175**

Kennis geskied hiermee ingevolge die Omgewingsimpakstudieregulasies (OIS-regulasies) wat gepubliseer is in Staatskennisgewing R543 tot R546 van 2 Augustus 2010 kragtens artikel 24 (5) van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998) (NEMA) en Staatskennisgewing 718 van 3 Julie 2009 kragtens artikel 19 van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Afval Wet (Wet 59 van 2008) (NEMWA); dat Eskom Holdings die uitbreiding voorstel van die asverwyderingsfasiliteite by die Hendrina Kragstasie in die Mpumalanga Provinsie.

Die voorgestelde projek behels 'n aantal Gelyste Aktiwiteite ingevolge die OIS-regulasies van 2010 en NEMWA wat magtiging verlang. Die aktiwiteitnommers van die Gelyste Aktiwiteite wat met die projek gepaardgaan, word in die tabel hieronder weergegee. Indien u 'n volledige afskrif van hierdie Gelyste Aktiwiteite verlang, kontak asseblief die Openbare Deelnamekonsultante hieronder.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| NEMA | No: R544 | 9 | 10 | 22 |
| | No: R545 | 6 | 15 | |
| NEMWA | Staatskennisgewing 718 - Kategorie B | 1 | 9 | 11 |

Weens die feit dat die projekaktiwiteite beide NEMA en NEMWA behels, is 'n geïntegreerde aansoek by die Nasionale Departement van Omgewingsake ingedien.

***KENNISGEWING VAN 'N OMGEWINGSIMPAKSTUDIE- EN OPENBARE DEELNAMEPROSES***

Lidwala Raadgewende Ingenieurs (SA) (Edms) Bpk is as die onafhanklike Omgewingsevaluerings-praktisyn aangestel om die nodige OIS en Afvallisensieproses, asook die gepaardgaande openbare raadplegingsproses te onderneem.

'n Agtergrondinligtingsdokument (AID) is opgestel om inligting te verskaf oor die voorgestelde projek en die OIS-proses wat onderneem word. Die AID is op versoek by Lidwala Raadgewende Ingenieurs (SA) verkrygbaar. Enigiemand wat graag as Belanghebbende en/of Geaffekteerde Party wil registreer, 'n afskrif van die AID wil ontvang of kommentaar wil indien oor die voorgestelde projek, moet dit doen deur die kontakbesonderhede hieronder te gebruik:

**Nicolene Venter** of **Frank van der Kooy**
**Lidwala SA (Edms) Bpk**

Posbus 4221, Northcliff, 2115
Tel:011 798 0635 of 087 351 5145
Faks:086 686 1628
E-pos: hendrinaeia@lidwala.com

Lidwala

26UZA9A2Q/BLD/EMM/MAR'11


# 'Sê 'skuus, SAUK'

## Maar uitsaaier beplan appèl oor 'verdraaiing'

Leané du Plessis

Die SAUK wil appelleer teen 'n besluit van 'n mediawaghond wat beslis het die nasionale uitsaaier moet die *Mail & Guardian* (M&G) op TV om verskoning vra oor 'n "onakkurate" en "verdraaide" berig wat oor een van dié koerant se joernaliste uitgesaai is.

Die Uitsaaiklagtekommissie (Ukksa) het eergister bevind die SAUK was "duidelik bevooroordeeld teenoor die M&G".

Ukksa het die uitsaaier vervolgens beveel om voor die einde van Maart verskoning te vra in die eerste 12 minute van die 19:00-nuusbulletin op SABC3.

Die uitspraak is gelewer 'n paar maande nadat 'n berig wat op SABC3 en SA FM uitgesaai is, geïmpliseer het die joernalis Sam Sole het R900-omkoopgeld aanvaar. In dié berig is ook geïnsinueer dat Sole skuldig is aan rassevooroordeel.

Die aantygings teen Sole is op 4 November deur die sakeman mnr. Robert Gumede gemaak, berig **Sapa**.

In die insetsel het Gumede Sole daarvan beskuldig dat hy omkoopgeld van die Britse sakeman mnr. John Sterenborg aanvaar het om bewerings van korrupsie teen hom (Gumede) te publiseer. "Hier is 'n betaling, een van die eerste betalings wat Sterenborg aan 'n bekroonde joernalis gegee het – 'n sogenaamde ondersoekende joernalis wat daarop uit is om swart mense aan te val, om te sê hulle is korrup," het Gumede in die berig gesê.

Ukksa het die verslag "ernstig" en "skadelik" genoem. "Sole se geloofwaardigheid as ondersoekende joernalis is bevraagteken en hy is nie die geleentheid gegee om hom te verdedig nie."

Volgens Ukksa het die SAUK die koerant ook nie genoeg tyd gegee om te reageer op die bewerings nie en Sole nie om kommentaar gekontak nie.

Mnr. Kaizer Kganyago, SAUK-woordvoerder, het gister gesê die uitsaaier gaan "beslis sy reg gebruik om teen die uitspraak te appelleer".

"Ons posisie is dat die M&G-redakteur wel die geleentheid gehad het om sy reg om te reageer uit te oefen. Ons hoop die M&G sal noem dat Ukksa die klagte oor die radio-uitsending van die hand gewys het."

Nick Dawes, redakteur van die M&G, het gister gesê hulle is bly oor die uitspraak.

"Die SAUK is die grootste bron van nuus vir die meeste Suid-Afrikaners. Ons hoop hulle gaan dié uitspraak op 'n positiewe manier gebruik om 'n ommeswaai by die uitsaaier teweeg te bring."

Dawes het gesê hy het vertroue in die SAUK se nuwe leierskorps. "Hulle is geloofwaardige mense. Ek hoop hulle sal dinge in 'n nuwe rigting stuur."


# Ons het waarna jy soek!

## Spesiale aanbod op hierdie puik voertuie







**Betaal eerste paaiement in Aug 2011.**

**of**

**Kry bybehore bv kappie, sleepstang, ens ter waarde van R15 000 by. Amarok 2.0 TDI, d/k, 4x4 en 4x2 beskikbaar.**

Besoek Fury Northcliff vandag om een van hierdie voertuie te toetsbestuur of te koop!
Ons is nou 'n LKV (ligte kommersiële voertuig)-handelaar in hierdie omgewing.

* Bepalings en voorwaardes geld.

**FURY NORTHCLIFF**
Beyers Naudérylaan 274, Northcliff
**Tel: 011 502 4700**
E-pos: dirkv@fury.co.za

26uxscv2q\Mrt'11\Dieter\Bld